Nuusbrief 244

Oktober 2024

South African Wood Preservers Association

NUUTSTE OOR REGULASIES

Regulasies vir "Prior Informed Consent: By die onlangse streekvergaderings is berig dat die inwerkingtreding van die *Regulations to domesticate the requirements of the Rotterdam Convention on the prior informed consent procedure for certain hazardous chemicals and pesticides in international trade,* verder uitgestel is tot einde Desember 2024. Lede sal onthou dat SAWPA in die proses was om die DFFE voor die Noord-Gautengse hooggeregshof te daag, toe hulle erken het dat die regulasies foutief is, en die voorgestelde gewysigde PIC-regulasies in Oktober 2023 gepubliseer het vir kommentaar. Die herhaaldelike uitstel sedertdien was a.g.v. sogenaamde insette wat ander belanghebbendes sou indien.

Na bespreking by onlangse vergaderings van die Chemiese Forum en die SAWPA Uitvoerende Komitee, het ons DFFE versoek om ons op hoogte te hou van enige moontlike veranderinge wat aanleiding kan gee tot ons vorige bekommernisse. DFFE se reaksie daarop was dat daar geen verdere veranderinge voorhande is nie en dat die voorgestelde regulasies soos in Oktober 2023 gepubliseer, binnekort goedgekeur sal word. Ons is verheug om lede in kennis te stel dat dit wel die geval is en dat die PIC Regulasies op 7 Oktober 2024 gepubliseer is. Die gepubliseerde weergawe is sonder die vorige Lys B, waarteen ons beswaar gemaak het, en dat slegs chemikalieë volgens die Rotterdam-konvensie nou gelys word.

Regulasies vir landboumiddels: Ook by die streekvergaderings bespreek, is dat die voorgestelde wysigings op die Regulasie vir Landboumiddels gepubliseer op Augustus 2023, steeds uitstaande was. Die wysigings is nodig omdat dubbelsinnige en teenstrydige bewoording in die Augustus 2023-weergawe reggestel moet word om ten volle voorsiening te maak vir die afwykings-proses (aansoek om vrystelling) op stowwe van kommer. Die proses behels dat risikobepalings moet bewys dat die risiko met die gebruik van 'n produk weglaatbaar is. Met die meeste industriële houtpreserveermiddels, wat a.g.v. die GHS-klassifikasie as produkte van kommer geklassifiseer word, is hierdie regstelling van die regulasies van kritieke belang vir ons bedryf.

Ons is dus verheug om ook hier te kan rapporteer dat die voorgestelde gewysigde Landboumiddel Regulasies op 11 Oktober gepubliseer is, en dat 'n aanvanklike deurlees van gewysigde bewoording aandui dat toepaslike bewoording aangespreek en gekorrigeer is. 'n Kommentaartydperk van 30 dae is van toepassing en die voorgestelde wysigings sal noukeurig deurgegaan word om te bevestig dat ons aanvanklike siening korrek is. Die proses vir afwyking (vrystelling) sal begin sodra die finale gewysigde regulasies goedgekeur en gepubliseer is. Die proses behels dat die risikobepalings vir openbare kommentaar gepubliseer moet word, gevolg deur die aansoeke vir afwyking, om die voortgesette gebruik van alle geaffekteerde preserveermiddels toe te laat. Die huidige sperdatum vir die voltooiing van die afwykingsproses is 31 Mei 2025 en ons vertrou dat dit meer as genoeg sal wees. Ons sal egter met die Departement van Landbou beraadslaag oor die moontlike verlenging van die sperdatum. Lede wat belangstel om 'n afskrif van die voorgestelde gewysigde regulasies van 11 Oktober te ontvang, kan Nellie kontak by admin@sawpa.co.za

Plaagbeheeroperateurregistrasie (PCO): Die registrasie van houtverduursamingsaanlegte as plaagbeheeroperateurs in ooreenstemming met die PCO-regulasies van 2011, is ook by die streekvergaderings bepreek. Hierdie vereiste en die implementering is nie iets nuuts nie en is sedert 2010

op die horison. SAWPA het toe reeds 'n belangrike rol gespeel om verandering te weeg te bring aan die kwalifiserende kriteria vir primêre houtverduursaming soos dit tans vervat is. Skakeling met die Departement van Landbou om te verseker dat die prosedure en vorms in ooreenstemming met die kriteria is soos vir ons bedryf voorgeskryf, is egter tot op hede nie afgehandel nie, ondanks talle pogings van SAWPA. Die onlangse oplewing en dringendheid vir PCO-registrasie is a.g.v. die implementering van nuwe etiketvereistes soos vervat in die Landboumiddel Regulasies. Dit bepaal dat chemikalieë waarvan die gebruik beperk word (b.v. KCA), nie aan enigiemand verkoop mag word of gebruik mag word, tensy die persoon/e as 'n PCO geregistreer en goedgekeur is om die toepaslike beperkte produk toe te pas nie. Lede is intussen versoek om die PCO-aansoeke terug te hou tot na afloop van 'n PCO-registrasie werkswinkel wat op 30 September gehou was. Ons kan nou rapporteer dat die departement tydens die werkswinkel aangedui het dat houtverduursaming se PCO-registrasiekriteria totaal verskil van ander PCO-velde, en dat verdere bespreking nodig is om die proses uit te klaar. SAWPA het reeds 'n vergadering met die departement versoek en ons wag tans vir bevestiging van 'n gepaste datum. Verder is dit met genoeë dat ons lede in kennis stel dat die SAWPA Uitvoerende Komitee 'n voorstel goedgekeur het dat die aanvanklike PCO-aansoekfooie aan lede terugbetaal mag word na afloop van die proses. Meer inligting sal hieroor volg.

NUUSBROKKIES

- Die verslae van die studie wat deur Emeritus Professor Tim Rypsta gedoen is, om die optimale retensievlakke te bepaal vir vinnig groeiende klein deursnee bloekompale wat in hoë risiko blootstellings gebruik word, b.v. kommersiële wingerde, is beskikbaar. Lede wat belangstel om meer inligting te bekom oor wat in die verslae vervat is, asook die gevolgtrekkings en aanbevelings kan vir Nellie kontak by admin@sawpa.co.za vir elektroniese afskrifte.
- Ons het kennis geneem dat Roy Smith ’n jarelange lid van SAWPA, na meer as 40 jaar aan die stuur van Mintroad Sawmill, besluit het om uit te tree. SAWPA wens Roy alles van die beste en 'n welverdiende ruskans toe. Ons vertrou dat hy in kontak sal bly en ook beskikbaar sal wees om van sy onskatbare ondervinding en kennis te deel.
- Lede wat nie die streekvergaderings in September kon bywoon nie, moet hul posbusse en posadresse dophou vir die 2025 kalenders wat reeds gepos is en hopelik binnekort sal arriveer. In geval van die lede wat reeds vir SAWPA ingelig het dat hulle nie meer 'n posafleweringsdiens of posbus het nie, maar steeds die SAWPA-kalenders wil ontvang, moet vir Nellie kontak by admin@sawpa.co.za om te reël vir alternatiewe aflewering.
- Dit spyt ons om kennis te gee dat daar ‘n fout op ons 2025 kalenders gemaak is. Die maand van Julie het net 30 dae in stede van 31 dae. Ons vra verskoning vir die fout en dat u Donderdag die 31ste op u weergawes sal aandui.

Groete
BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige derdeparty stellings wat in die nuusbrief gemaak word nie.